



Fotokompetisie: 1st plek: Frans Nelson

Kranspoort Bulletin

In hierdie uitgawe:



Kranspoort
in die kleine

Temas

Aktueel	- BI 3
Natuur	- BI 6
Gemeenskap	- BI 9
Foto-gallery	- BI 11
Sport	- BI 13
Inspirasie-, stories en geselsies	- BI 16
Advertensies	- BI 20

Waardering vir die klein dingetjies...

SO twee weke gelede gaan kuier ons by familie langs Vaaldam. Een oggend stap ons gesels-gesels af waterfront toe. Skielik vang my oog so klein spatseltjie rooi tussen die netjies kortgesnyde wildegras. Ek pluk die blommetjie en staan verstom oor die perfekte skoonheid van die klein, pinkienaal grootte blommetjie. Dit lyk soos 'n miniatuur orgidee, met geel stuifmeeldraadjies en pienk vlekkies in die middel.

Dadelik begin ons om ons rondkyk. "Daar's nog een", "kyk die wittetjie", "whow, hierdie een lyk nes 'n papawer". Na 'n kwartier staan ek met die mooiste miniatuur bossie blomme in my hand. Voorwaar, skoonheid en wonder van die kleine.

Dit laat my dink aan al daardie klein dingetjies wat daagliks rondom ons afspeel en wat so groot invloed op ons gemoed en gedrag het. Die glimlag van 'n vreemdeling wat in die winkel verbystap en daardie enkele aanraking van 'n vriendin, as jou hart so seer is. Ek sien die oogkontak van liefde tussen man en vrou of die hartlike lag vir pittige sê-goed. Die stille gebed van 'n moeder vir haar kind en die blink trots in 'n ouma se oë as haar eerste kleinkind die lewenslig sien.



Fotokompetisie - 2de plek:
Pieter Naude

Ons wy dus hierdie Bulletin aan die klein dingetjies in die lewe en in Kranspoort. Daardie enkele oomblikke in die lewe van Kranspoort, wat 'n groot gelukkige kultuur skep.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om aan die redaksiespan 'n woord van dank en waardering te rig. Almal is vrywillige werkers, wat geen inkomste hieruit verdien nie, intendeel, telefoonkoste, brandstofkoste en krag/drukwerk, alles word uit ons eie sak gedoen. Baie ure word ingesit om hierdie tydskrif/koerantjie, met trots, teen baie lae koste, in u hand of op u foon te sit.

Hier is die span:

Wanda Underhay – Redaksieleier (die kwaai tannie wat seker maak alles loop reg)

Elsabé Stydom – Verslaggewer

Helena Lourens – Verslaggewer/ proefleser

Hester Hattingh – Verslaggewer

Johan Botha – Verslaggewer/proefleser

Erna Ruthven – Proefleser.

Kwêvoël – ons eie skinderbek "undercover" verslaggewer.



Fotokompetisie: 3de plek:
Lizelle Lang

Onlangs het ek per WhatsApp te kenne gegee dat hierdie moontlik die finale uitgawe van ons Bulletin sal wees. Weens verskeie faktore rakende die ontwikkeling en produksie van die Bulletin, het die uitgee daarvan vir ons 'n groot uitdaging geword. Ons beoog egter om alle moontlikhede en weë te ondersoek om die voortbestaan van die Bulletin te verseker, moontlik in 'n ander formaat, korter, minder kleurbladsye, maar met die inhoud sal dieselfde kwaliteit gehandhaaf word. Verdere inligting hieroor sal per WhatsApp bekendgemaak word.

Laastens, veels geluk aan die winners van ons fotokompetisie. Kranspoorters geniet die mooi foto's wat julle met ons deel. En so sluip die einde van die jaar stadig-stadig nader en die redaksiespan wens u 'n wonderlike, geseënde Kers- en vakansietyd toe.

Wanda Underhay (Bulletin Redaksieleier)

Johan gesels...

Johan Cross, Voorsitter van KEK, gesels met ons.

Heerlike reën omtower ons omgewing met wit blompere teen skakerings van die nuwe groei se sage groen. Duisende boomblaartjies wat ontvou in geneties vasgestelde kleure. Die siklus van ons bestaan word uitgebeeld in die seisoen van uitbundigheid: Lente. Skielik is daar vlinders met fopkleure en prentjies op vlerke. Kamikaze insekte duik vanaf die plafon op jou neer. Volop kos laat die voëls terugkeer vanaf die warmer noorde om ons vroegoggend met nuwe roepgeluide wakker te maak. En die muskiete en perdebye begin pla.

Klink soos die paradys. Ongelukkig word ons die laaste tyd geteister met die ongelukke in Kranspoortpas. Sedert ons laas gesels het, was daar twee noodlottige ongelukke en duisende liters swaelsuur en tonne swael is in ons waterstelsel gestort. Deur die jare het verskeie drukgroepe vanuit die gemeenskap die owerhede se aandag op die probleme gevëstig. Die laaste paar jaar weer so, onder leiding van Johan Hamman. Ongelukkig is SANRAL se reaksie so stadig soos die spreekwoordelike harmansdrup op 'n winteroggend.

The attendance of more than 80 people at the last meeting has sent out a strong message resulting in some reaction from the authorities. At our next meeting representatives of various Government Departments will join us in finding a speedy solution to save our environment and lives. This includes more senior officials from SANRAL. We will keep you posted. Participants of a broadcast Whatsapp group inform each other about potential problems/danger on the N11. In a broadcast group no-one but the administrators can "chat" on the group. Contact me should you wish to participate or need more information.

Please visit our new Facebook pages for both the Estate and the Golf club. A new website for Kranspoort is in the making and should be ready by the end of the month. We will keep you updated.

Lastly, the combination of spills in our water, loadshedding, a heat wave and school holidays put tremendous strain on our supply of water. This was abnormal, but made us realise we must take preventative measures. Alternative energy supplies for these difficulties are being considered.

Dankie vir julle ondersteuning. Dikwels word felle kritiek versag deur ondersteunende dade - te veel om hier te noem en genoeg om alles die moeite werd te maak.

Mooi loop,

Johan



Aktueel

Operasionele verslag: Helena gesels met Christo oor Kranspoort.

Loadshedding is the topic on everybody's lips these days and of course the implications of loadshedding on Kranspoort's infrastructure.

Water: On WhatsApp we often read: "Please use water very sparingly. Use water only for household purposes". The question is whether we have enough water in our dam. Management is confident that there is enough water to serve our growing population, also when we have a higher demand during holiday seasons. There are plans in place for possible emergencies. We have four boreholes with a strong water supply for back-up water: a 15000 liter tank at Raasblaar, another at Jopie's Post, the bird shelter and on the plato.

Operasionele verslag (vervolg)

These tanks are kept filled to the brim with fresh water and the supply is repleted on a monthly basis. We therefore have enough water available in case of emergencies. The problem is electricity: We need electricity over a period of time to be able to purify and pump water into our newly renovated reservoirs. The inflow to the reservoir needs to be more than the outflow. The best solution would be to install inverters and solar panels, but the cost of about four million rand makes it not viable. The second best solution is making use of generators to provide a constant supply of water. Management is investigating that option.

Inwoners wonder hoekom wit klippe uitgesit is in die erwe aan weerskante van Soetdoringstraat. Onlangs het 'n inwoner haar erf vir bou begin voorberei. In die proses om die erf gelyk te maak is 'n hooflyn waterpyp gebreek, met groot waterverlies as gevolg. Bestuur moes noodgedwonge 'n landmeter aanstel om erfgrense vas te stel, veral tussen erwe en munisipale grond. Die hele Soetdoringrylaan is gevolglik opgemeten en die STLM planne wys presies waar paaie moet wees. Paaie is dus agt meter breed plus twee meter aan weerskante as serwituit vir dienste. Die strook tussen die wit klippe dui aan waar die pad loop en behoort aan STLM.

Kranspoort het nog altyd 'n uitdaging met verspoelde paaie na reën. Die oplossing is V-afvoerslote. Daar is reeds in die begroting voorsiening gemaak vir die aanbring daarvan. Voordat die onkoste aangegaan kan word, moet eers seker gemaak word dat paaie reg geposisioneer is volgens die STLM planne. Bestuur moedig eienaars aan om eers die dorpsplan te bekom en na te volg, voordat met eie bouplanne begin word. Hou by die reëls en bly binne die aangewese grense. Dit sal baie toekomstige probleme uitskakel.

Betreffende ons wild en wilduitdunningsplanne, poog bestuur altyd om die mees ekonomiese, maar ook die mees simpatieke manier te volg. Diere word verdoof, gevang en verkoop. Tans is die span besig met die uitdunning van rooihartbeeste. Die diere is reeds in 2008/9 aangekoop en dieselfde bul en koeie is steeds in die trop. Dit veroorsaak inteling met die gevolg dat die diere al kleiner word. Die besluit is geneem om die hele trop met hul aanwas te verkoop en tien nuwe beeste met 'n bul aan te koop. Dit sal weer n vars begin wees.

Die uitdunning van blouwildebeeste is afgehandel. Slegs een van die nege bulle is behou. Die aanwas oor die afgelope jaar was slegs vyf. Daar word verwag dat die aanwas oor die volgende seisoen sal verbeter. Die sebras is steeds heeltemal te veel. Hulle is die grootste sondebokke wat die veld verniel omdat hulle polle gras uitpluk. Met hul lekkerbekkigheid, is hulle eerste daar as lusern, pille of wildsblokke uitgesit word. Die skatting is dat ons ongeveer 50 sebras het, terwyl die veld net 35 kan dra. Wildtelling sal eersdaags 'n aanvang neem.

Oor ons plantegroei is daar hierdie versoek: Plant asseblief inheems! En verwyder alle indringer plante.

Boodskap van Kranspoort Bestuur:

Op daardie noot sê ons dankie Christo Landman vir jou "Jack of all Trades"- wees. Ons waardeer wat jy doen om van Kranspoort nog 'n beter blyplek te maak.

Die aansoek om verandering aan Kranspoort se titelvooraardes te bring is reeds voor Covid-19 by STLM ingedien. Dit is uiteindelik op 5 Oktober 2022 by STLM ter tafel gelê. Die tribunaal het versoek dat die aansoeker (KEK) verdere bewysstukke moet voorlê en het die aangeleentheid uitgestel om KEK geleentheid te gee om daardie bewysstukke te bekom en in te dien. Ons hou u op hoogte.

Onthou: Kranspoort Kersmark: 10 Desember

Waar het alles begin: Kranspoort se kort geskiedenis

(saamgestel deur Wanda Underhay)

In 'n vorige Bulletin, Volume 4, Oktober 2020. (beskikbaar op Kranspoort Vakansiedorp-webwerf), het ons so 'n paar briewe en stories, soos vertel deur oud- en bestaande Kranspoort inwoners, geplaas. Vandag, presies twee jaar later, lyk Kranspoort heel anders. Nuwe inwoners, baie belangstellende besoekers en ook inwoners vanuit die groter Kranspoort/Moot-omgewing, het begin deel vorm van die willens-en-wetens van Kranspoort. Gereeld hoor ek dus die vrae. **"Hoe het Kranspoort ontstaan?", "Wie het Kranspoort begin"** en **"Hoe het dinge in die begin gelyk?". Hier volg dus 'n beknopte weergawe van die ontstaan en ontwikkeling van Kranspoort.** (Laai gerus die oorspronklike weergawe af, of druk dit vir jouself uit om die volle geskiedenis te lees. (Red))

Kranspoort se geskiedenis is nie 'n lang en baie ou geskiedenis nie. Alles het begin in die middel tagtigerjare, toe die grond deur die regering opgekoop is van "Die Bron vakansieoord" asook omliggende plase. Drie manne Aemelius Johannes Nel (Oom AJ), Frans Lourens en John Kotze, het koppe bymekaargesit en rondgekyk vir grond om 'n "vakansiedorp" te ontwikkel. Die grond wat hulle geïdentifiseer het, was weerskante van die hoofstraat (N11) en het ook die destydse hotel en plaashuis aan Loskopdam se kant ingesluit.

Finansiële probleme en insolvensie het die proses egter tot stilstand gedwing en eers in 1990 is die grond deur 12 individue oorgekoop. (Die twaalf individue het as Groep 12 bekend gestaan). Op 26 November 1990 is die gebied, Kranspoort Vakansiedorp, tot dorp verklaar.

In 1996 is die wildscheinig opgerig en die eerste wild aangekoop. Alhoewel die eerste huise reeds in aanbou, of pas voltooi was, het die mense op hierdie stadium meestal net vakansies en naweke besoek. Van die eerste huise was die Kasteelhuis (eerste huis aan die linkerkant van Kranspoortlaan), die huis van Kobus en Hester Hattingh en nog so paar ander. Die ingangshek was 'n gewone plaashek en enkele tweespoorpaaie het toegang tot die dorp verleen. Daar was nog nie krag nie en mense het yskaste en vrieskaste in die stoer oorkant die pad gebruik.

Die gebou by die hek, huidig ons administrasie-gebou, was 'n ou plaashuis, waar die plaasvoorman gewoon het. Later is die huis verhuur.

Vinnig het die naam Kranspoort Vakansiedorp bekend geword en die dorpsontwikkeling begin. Daarmee saam ook die ontwikkeling van gemeenskapsaktiwiteite en – geleenthede. Klubs het ontstaan, die golfbaan en jukskeibane is gebou, wild is aangekoop en 'n bestuur is gekies om alles te organiseer en te beheer.

Met ontwikkeling en groei kom ook uitdagings en teleurstellings. Dit het dus geleei tot die opstel van reëls vir inwoners. Die infrastuktuur is goed ontwikkel en toegepas. Grondpaaie is gebou, krag aangelê, boorgate gesink en damme opgerig. Kranspoort Vakansiedorp is gebore.

Die embleem is ontwerp met 'n aalwyn in die sentrale deel van die skild wat verwys na die wye verskeidenheid plantegroei in die area. In die skildhoof is 'n bok wat simbolies is van die baie verskillende boksoorte in ons gebied. Die skild aan beide kante van die aalwyn is so verdeel om twee kranse en daartussen 'n vallei te vorm. Dit verwys na die topografie van ons omgewing en spesifiek na Kranspoort. Die helm bestaan uit 'n groen muurkroon wat algemeen gebruik word om 'n dorp te simboliseer. Sittende op die muurkroon is 'n Bosveld Visvanger wat verwys na die wye verskeidenheid van voëls in ons gebied.
Die wapenspreuk "RELAXO IN NATURA" beteken – EK ONTSPAN IN DIE NATUUR.

Kranspoort embleem



Kranspoorters sê hulle sê.....

Kranspoort Direksie:

Johan Cross:
Voorsitter
Sel nr. 083 709 0227

Rudi Kruger
Onder-Voorsitter
Sel nr. 083 325 6081

Dries Lategan
Direkteur: Finansies
Sel nr. 082 452 5171

Steve J van
Rensburg: Direkteur:
Sekuriteit,
Gesondheid en
Veiligheid.
Sel nr. 084 588 1690

Frik Roux.
Direkteur: Wild en
Omgewingsake.
Sel nr. 083 229
7601

Theo Hurter
Direkteur: Heffings
en Lederegister.
Sel nr. 066 286 3232

Wynand Pretorius
Direkteur : Gholf
Sel nr. 083 279 4272

Wat is die klein dingetjies in Kranspoort wat die grootste bydrae tot vreugde en sukses lewer?

Ena : Die vinnige reaksie waarmee inwoners altyd bereid is om mekaar te help en hulp te verleen. Amazing kameraadskap.

Hester Hattingh: Goeie buurmanskap en respek vir reëls.

Marita Hamman: Vir my is dit om te slaap sonder die geblaf van honde en die geraas van verkeer en ambulans-sirenes.

Benita Myburgh: Mense hier reik nog 'n helpende hand uit, dra mekaar in goeie en slechte tye. Hier heers 'n familieband wat nie maklik in enige dorp/stad of woongebied gevind word nie. 'n Pluspunt vir baie is dat hier genoeg aktiwiteite op ons eie plaas is. Die stilte en wonderlike omgewing met sy diere en plante is ons eie plaaslike skatkis.

"Teleurgesteld": Daar is twee bordjies wat jy sien wanneer jy Kranspoort inkom. Beide het vir my gesê, dis hier waar ek wil bly. Die een sê "Kranspoorters is vriendelik". Die ander een wat sê "Dis die klein dingetjies wat saakmaak." Na 18 maande in Kranspoort wil ek vra dat beide bordjies verwijder moet word, want dit is absoluut vals en 'n volslae leuen. Baie van die nuwe intrekkers en sommige ouer garde groet nie of groet nie terug nie.

Onlangs moes ek 'n bloukopkoggelmander gaan begrawe wat platgery is. Ek het onlangs gesien hoe 'n inwoner nie eens stop vir 'n Koedoekoei wat by sy oprit staan nie.... rem, draai en jaag in. As die koei net regtig getrap het, was sy raakgery. Volgens my opinie is hierdie gedrag 'n weerspieëling van wat regtig in hierdie mense se siele is. Indien hierdie persoon aangespreek sou word, is die eerste ding wat hy gaan uiter: "Wat soek hulle in die pad?" Vir dié mense wil ek vra "Wat soek julle pad in die natuur se huis?"

Dimitri de Waal: Vir my is dit die omgee van mede-Kranspoorters vir mekaar. Die stemboodskappies as daar probleme in die pas is, die saambring van iets uit die dorp wanneer iemand vra en 'n vriendelike groet en waai as iemand verby ry. Klein goedjies, maar vir my is dit 'n riem onder die hart.

Helena Lourens: Kranspoort in die kleine is vir my klein sirkeltjies binne die groot sirkel... klein kulture binne die groot geheel. In die gholfkultuur is sukses om baan-syfer te klop. By die jukskeibaan is dit om naaste aan die pen te lê. By die oefengroepe en stappers, om soepel en fiks te wees. Die hengelaars wil die grootste vis vang. Die voëlkrykers wil 'n nuwe voëlspesie in Kranspoort raaksien. Die Canastagroep, die Bybelstudie en sanggroep, elkeen 'n "Kranspoort in die kleine".


In die proses om sukses te bereik, of selfs nie te bereik nie, word vele vreugdes ervaar. Daar is nog ander klein Kranspoortkulture--- 'n skoen wat kan pas vir elkeen van ons.

Vervolg op bladsy 19-sirenes

Natuur

"Ek's 'n mier en ek is besig, ek is baie, baie besig..."

(deur Elsabé Strydom)



BO: "Pst, pst, hoor hier ou maat. As jy presies 70 miere-tree reguit oos loop en dan 44 grade na die linkerant toe swenk, sal jy na 36 miere-tree by 'n lekker soet vruglie uitkom." Hierdie twee groen boommiere is blykbaar besig om inligting uit te ruil, maar die kommunikasie is instinktief en nie eens naastenby vergelykbaar met menslike spraak nie. Miere deel hul kos met "soene" en in dié proses word kleruitskeidings ook omgeruil. Só word chemikaleë versprei, waarder die saamhorigheid in die nes gevestig word, terwyl indringers herken en buiten gehou word. Die eiers en larwes van miere word ook aanhouwend geleek en die koningin gedurfsg strelend versorg.

Die Mierpaleis



Kinders word baie keer aangespreek omdat hulle "rooimiere" het en nie kan stil sit nie, maar Salomo het in Spreuke 6 gesê ons moet kyk na die mier en wys word. In Jozua Loots se SêNet - brieve van 2016, skryf hy met verwondering oor die orde tussen miere. Dis asof hulle onsigbare wandelpaaie het waarop hulle loop en hulle al eeu lank weet van hulle take en getrou voortgaan om dit pligsgetrou uit te voer sonder dat iemand bevele gee. Daar word beweer dat hulle nie besonder skrander is nie, maar optree volgens instinkt.

Miere is sosiale insekte en behoort tot die familie Formicidae , wat (net soos bye en perdebye) in die orde Vliesvlerkiges val. Daar is ongeveer 22 000 spesies miere en meer as 12 500 is reeds geklassifiseer. Ons kry, net soos by bye, 'n koningin, mannetjies en werkers. Die koningin goo haar vlerke af na paring en haar hooftaak is om eiers te lê . Ons sien dikwels na goeie reën dat die lug vol vlieënde miere is. Dit is paringsvlugte. Voëls geniet gewoonlik die sappige happies. Koninginne is die belangrikste in die mierkolonie en kan jare leef. As sy doodgaan, is die miernes gewoonlik gedoom. Die mannetjies se taak is hoofsaaklik om die koninginne te bevrug en hulle het maar kort lewens, terwyl die werkers onbevrugte wyfies is. Die wyfies het verskeie take en dis seker na hulle wat Salomo verwys het. Hulle vergroot die neste, maak dit skoon, voed die larwes en koningin(ne), goo die dooies uit en verdedig die neste. Werkers van sekere spesies, dring ander neste binne en maak slawe van die verowerdes. Werksverdeling is die leuse. Party werkers het 'n besliste voorkeur vir 'n spesifieke werk en raak spesialiste op die gebied, maar ander verander gereeld van werk. Party lê net leeg! Miere, anders as bye, bêre nie regtig voedsel nie. Miere is tuiniers. Hulle kou die plantmateriaal en gebruik dit dan as bemesting vir sampioentuintjies in hul ondergrondse neste. Die miere bemes, skoffel en snoei selfs hul gewasse.

Miere is boere: 'n Praktyk wat ons die meeste aan mense laat dink, word in die verhouding tussen miere en plantluise gevind. Plantluise teer op plantsap en skei in die proses heuningdou af. Miere met hul voorliefde vir soetigheid, het uitgevind dat hierdie "koeie" dadelik heuningdou afskei as hulle hulle op 'n sekere manier met hul pote en voelhorings streef. So verhouding hou voordeel vir albei partye in: die miere ontvang hul heuningdou en die plantluise word beskerm teen aanvallers en word bevry van parasiete en swamme. Baie miere hou "troppe" plantluise en dop-insekte aan. Hulle bou selfs vir hul skuilings, net soos boere krale vir hul vee bou. Dit is interessant dat hulle selfs van die "beeste" slag om die oues en sieklikes te voer. Die miere dun gereeld hul troppe uit wanneer dit te groot word.



Miere is soldate: Buiten die mens, is miere die enigste skepsels op aarde wat oorlog maak teen hul eie soort. Insekte soos bye en wespe maak ander dood om hul neste te beskerm, maar miere maak oorlog om te kan oorwin. Miere is gedurig op die verdediging. Nadat 'n vyand 'n nes oopgebreek het, sal sekere miere dadelik oor die indringer swerm en hom byt, terwyl die ander die papies beskerm. Hulle kan ook van die vyandige miere slawe maak.

Interessante feite oor miere:

- Hulle kan voorwerpe van tot 50 keer hul eie gewig dra. As 'n mens dieselfde krag sou hê, behoort 'n persoon 'n motor te kan rond dra!
- Soldaatmiere gebruik hul koppe om die ingange van die neste te beskerm, soos 'n kurk in 'n bottel. Die inwoners van die nes, word gewoonlik betas met voelhorings: "vriend of vyand?", voordat hulle toegelaat word om terug te keer na die nes. Sommige spesies verdedig plante in ruil vir skuiling en kos. Dis gewoonlik neste in holtes van bome.
- Volgens navorsing is die totale biomassa van al die miere op aarde ongeveer gelykstaande aan die totale biomassa van al die mense op aarde. Wetenskaplikes skat dat daar vir elke mens minstens 1,5 miljoen miere op die planeet is.
- Miertjies het langs dinosourusse gewoon. Die oudste bekende mierfossiel is 'n primitiewe en nou uitgestorwe mierspesie genaamd "Sphercomyrm freyi". Soos gevind in Cliffwood Beach, NJ. Die fossiel se ouderdom word beraam op 92 miljoen jaar.
- Verkennermiere lê geurige paaie om ander te lei tot kos. Dit word genoem feronomroetes. Die verkennermiere vind kos, verteer dit en los die geurige pad vir haar mede-miere wat dan heen en weer sal loop en die pad weer merk totdat die voedselbron uitgeput is.

Bron: Mieliestronk

Ons plant 'n boom. (deur Johan Botha)

Soos julle weet is die eerste week van September Nasionale Boomplantweek. Die week is reeds in 1983 ingestel. Tradisioneel plant Kransepoorters elke jaar bome aan wat simbolies op Erfnisdag gevier word.

Die boom van die jaar is die pragtige **kannabas** (engels: Pompon) wat wydverspreid vanaf Limpopo tot Oos-Kaap voorkom, maar nie baie algemeen by ons te siene is nie. Vier Kannabasse is hier aangeplant.

Ons (in Kransepoort) het 'n verskeidenheid van sowat 130 inheemse bome. Die afgelope paar jaar het ons honderde **bergkarees** verloor, groot **maroelas** het omgewaai en **blinkbaar wag-'n-bietjies** is onder druk vanweë ystervarke wat dit ring.

Verskeie gemeenskapsgroepe en individue het ingespring en 21 bome van verskeie spesies is bykomend aangeplant, waaronder **witpeer**, **rooiessenhout**, **vanwykshout**, **witstinkhout**, **kannabas**, **jakkalsbessie** en vele meer. Bome is geplant by die Raasblaardammetjie, jukskeibane, nuwe toringtenk uitkyk, voëlskuiling, Olofberg-uitkyk en gholfbaanheining. KEK onderneem om die bome weekliks water te gee.

Ons sê baie dankie aan almal vir hul ondersteuning.



Invasive plants (by Elsabé Strydom)

Sweet prickly pear (*Opuntia ficus-indica*)



Description:

A succulent, branched shrub or tree up to 3m high, which forms a sturdy trunk with age. Flattened leaf-like stems are grey to grey-green and are much longer than broad, varying from heavily spined to spineless. It has minute leaves. Bright yellow or orange showy flowers appear from October to December. The yellowish, turning reddish, edible fruit is covered with minute spines.

Why is it a problem?:

Competes with and replaces indigenous species. Dense infestations reduce the grazing potential of the land and restrict access by domestic and wild animals. The spiny cladodes can cause injuries to animals and during the fruiting season the minute spines (glochids) on the fruits can be highly irritative and can result in animals being unable to feed. Dense infestations can cause drastic devaluation of agricultural and conservation land.

Cat's claw creeper (*Dolichandra unguis-cati* (Bignoniaceae))



Description:

The cat's claw creeper, Dolichandra (syn. Macfadyena) unguis-cati, is an invasive evergreen climber, climbing as high as 9m. It has claw-like tendrils between the bright green oblong to lance-shaped leaves, which have a terminal, three-part, claw-like tendril. The bright yellow flowers appear from September to February and are trumpet-shaped, occurring in clusters of two or three, sometimes solitary. Flattened, brown leathery capsules hold the winged, papery seeds.

Why is it a problem?:

This climber invades forest margins, woodlands, plantations, roadsides and urban open spaces. Overtops, strangles and smothers indigenous forest and plantation species.

Jacaranda (*Jacaranda mimosifolia* (Bignoniaceae))



Description:

The best-known city tree in Johannesburg and Pretoria - a deciduous or semi-deciduous tree up to 22m high with a rounded, spreading crown. Dark green, hairy, finely divided and fern-like leaves turn yellow in late autumn or winter. Attractive mauve-blue to lilac or rarely white, tubular flowers produced in pyramidal sprays at the ends of usually leafless branches, flower from September-November. Oval, flattish, woody green capsules about 60mm long, turn brown and split open after about a year to release numerous flat, winged seeds.

Why is it a problem?:

The seeds invade savanna, wooded kloofs, rocky ridges and river banks. The Jacaranda competes with and replaces indigenous species. Dense stands along water courses are likely to reduce stream flow.

Gemeenskap



Die winter is iets van die verlede en Kranspoort het so stil-stil sy lentekleed aangetrek. Die Bruidjie van die Bosveld met haar spierwit sluier het maagdelik uitgestaan teen die koppe aan weerskante van Kranspoortrylaan en die clivias en amaryllas het mooier as ooit in ons tuine geblom. Lente beteken ook dat ons geveerde vriendjies wat jaarliks migreer, hul weg terug gevind het na sonnige Kranspoort. Hoe lekker is dit om weer vroegoggend gewek te word met die geroep van onder meer die swarkopwielewaal, spookvoël en hoep-hoep? Selfs die piet-my-vrou is die afgelope week gehoor en die kleinstreepswael het 'n draai deur ons woonkamer kom vlieg – wou sekerlik persoonlik kom dagsê ...

Kranspoort Geveerde Vriende is still going strong. During our last meeting in September we counted 69 species. During July, a Kranspoorter spotted the Black Sparowhawk, number 231 on our official bird list. The **biggest** excitement of this year is spotting the Madagascar Cuckoo in Kranspoort. Their visit in South Africa seems to be only the 6th/7th time in history. This is national birdlife news!

The Geveerde Vriende WhatsApp-group is still our communication channel. Beautiful photos of birdlife in Kranspoort are regularly posted, inspiring participants feedback and comments.

Klublede het ook 'n beskeie bydrae gelewer tot Nasionale Boomplantdag op 24 September 2022. Tien bome is as skenkings ontvang en vrywillige lede het entoesiasties gehelp met die plant daarvan.

Our next birding day is on 26 November 2022. Please join us at the Raasblaarsaal at 6.00 for a cup of coffee and rusks whereafter we will divide in separate groups to start our bird count. Remember, this is National Birding Day with the aim to count as many species as possible. Afterwards we will enjoy our regular bring and braai. Final arrangements will be communicated on the WhatsApp groups.

Geveerde Vriende sal ook weer 'n stalletjie beman op die jaarlike Kranspoort Kersmark op 10 Desember 2022. Die 2023-Geveerde Vriende kalenders asook die nuwe A3-voëlpesielyste sal te koop wees. Kaartjies vir 'n Uilhuis sal ook verkoop word en die trekking van die wenkaartjie sal tydens die Kersmark gedoen word. Een van ons lede, Mike Lumb, het 'n pragtig geraamde foto van 'n witrusgaasvoël geskenk waarop daar gebie kan word. Kom neem gerus deel aan hierdie opwinding.

Die tema van hierdie uitgawe is "Kranspoort in die kleine", maar ek verstout my om te sê dat Geveerde Vriende groot is in hul aktiwiteite en is daarom 'n groot legkaartstuk in die Kranspoort legkaart.

Groete tot volgende keer – Elsie Cross

Van Venus tot Mars: Helena het gaan kyk wat doen die manne en vroue in Kranspoort.

Op Kranspoort word die bokke van die skape geskei. Wie nou die bokke is, en wie die skape is, sal ons nou nie op ingaan nie. Maar, by die Vonkelvroue ontsnap die dames manlief se geselskap en kuier en klets na hartelus oor vrouwees-dinge.



Eweneens is dit raar om 'n vrou in die omgewing van die piekniekerrein te sien op die eerste Woensdag van die maand. Dit is Mannebraai-dag! Daar is vereistes: jy bring jou eie vleisie saam en jy lyk uit jou plek as jy nie 'n glas of 'n blikkie of 'n bottel in die hand het nie. Die vuurtjie knetter, stories loop wyd en dis net glimlaggende gesigte waar jy kyk. Die "Manne van die Bos" kuier!

7 September 2022:



14 September:

Vlytige Vonkel-Vroue hou 'n kunsvlytdag. Die koffie staan eenkant en koud word. Die kreatiwiteit blom. "Wat kies jy, decoupage of mosaïek?", "Wat decoupage jy of wat mosaïek jy?" Dit het jy reeds besluit. Maar hier is nou ontwerpe te kies en te keur. Besluite moet geneem word om 'n tipiese projek, volgens jou persoonlikheid, te maak. Om by die resultaat uit te kom, is een groot lekkerte!



Helena se Kranspoorter-ondersoek.

Hoekom is Piet deesdae so skaars? Ons sien hom maar selde rondry in sy blou Jeepie.

PIET VALKS was die man wat die WhatsApp groepe in Kranspoort ingestel het. As voormalige voorsitter van die Kranspoort-direksie, het hy begin om almal gereeld op die hoogte te hou van gebeure in ons dorp. Op WhatsApp of in sy Jeepie, was Piet oral die bekende helpende hand.

Maar waar is Piet deesdae en hoekom is hy so skaars sedert hy in Mei verlede jaar uitgetree het? Ons het by hom gaan uitvind hoe dit in sy lewe gaan en hy het bevestig dat hy slegs naweke in Kranspoort is. Hy sê hy is deesdae soos 'n koshuiskind wat net naweke huis toe kom. Na die afsterwe van hulle dogter is hulle sedert Augustus verlede jaar gedurende die week in Pretoria om om te sien na hulle twee kleinkinders. Dis 'n baie hartseer taak wat hulle met groot toewyding nakom.

Reëlings is reeds getref dat die twee kinders by hulle in Kranspoort kom woon. Hulle inskrywings by Julian Muller Laerskool in Groblersdal is reeds aanvaar vir 2023. Alexander (10 jaar) en Almore (6 jaar) sien baie daarna uit om hier in Kranspoort by oupa en ouma te kom woon.




Welkom julle twee!

Foto-gallery : Fotokompetisie deelnemers foto's



Alwyn Kruger



Alwyn Kruger



Su-Yen Joubert



Su-Yen Joubert



Hannelie Erasmus



Zakolien Fourie



Alwyn Kruger

Beoordeling

'n Beoordelings-groep van 10 lede het deelgeneem.
Foto's is sonder identifisering van fotograwe beoordeel. Die volgende kriteria is in ag geneem:

1. Voldoening aan tema en kreatiwiteit
2. Fotografiese waarde: Komposisie, helderheid van foto.
3. Kykerswaarde



Su-Yen Joubert



Pieter Naude



Zakolien Fourie



Tienie Swart

Sport



September-October has been a fun packed time at the golf club. Phil Hibbert shared some of the excitement.

On the 3rd of September the Kranspoort Golf Club hosted the Kranspoort Golf Day. Theo and Sonja won the competition. In second place Kobus and Wynand and in third place Nico and Jan. On the 24th of September the Club hosted the popular Western Fun Day. Thanks to Bronwen and her team for organising the day. The winners were Esther and Pieter, second place Gary and Glenn and in third place Johann and Christelle. The best dressed cowgirl was Sonja, and the best dressed cowboy was André. A special word of thanks to the Hooligans and Oyster Shooter girls. They decorated the clubhouse and sourced all the prizes. This event is becoming an annual event to look forward to.

On the 1st of October the club hosted the annual Kudu Day. A word of thanks to Theo and Sonja, the main organisers of the event. There was live music throughout the day, a putting competition and spit braai. Again, I want to thank all the sponsors and supporters making these events unforgettable.



Jukskei

Die pengooiers en sandgatmaats was weer besig die afgelopen maande. Die somerliga-seisoen het reeds in aanvang geneem en Kranspoortspanne is goed verteenwoordig.

Tydens die provinsiale federasie se galageleentheid vir '21-'22 in Augustus, is talle sertifikate, medaljes en trofee verower en het Kranspoort as algehele klubwenner uit die put getree.

In die afgelope Meesterstoernooi in Kroonstad gedurende Oktober het 5 Kranspoorters Mpumalanga verteenwoordig en onderskeidelik tweede en derde uit nege provinsies in hul afdelings geëindig.



Frans en Christine Krige, Johan en Rentia Botha, Hester Fourie, Frans Nelson
Voor: Bella Nelson



Die SA Meesters mans - en vrouespanne onderneem die jaar 'n noordelike provinsies toer en Kranspoortbane is voorlopig aangewys vir vertoonwedstryde deur die besoekers. Hulle is almal Springbokke in die kategorie bo 60 jaar. Verseker 'n pluimpie in Kranspoort se hoed.

Gala-aand. Johan Botha (Jukskei voorsitter) oorhandig aan Hester Marx haar sertifikaat.

Hengelklub maak geskiedenis.

8 Oktober 2022: Ons eerste hengelkompetisie!

Vroegoggend is die hengelaars daar vir die nommertoekenning wat die staanplekke bepaal het. Almal is reeds goed ingelig rondom kompetisie reëls en almal is gerat vir die dag. Daar is 25 inskrywings ontvang.

Kranspoort se eerste barbervang kompetisie het begin.

07h00 : Die fluit word geblaas en die kompetisie kan afskop. Hengelstasies word ingerig, aas aangesit en stokke staan gemaak. Die groot gewag begin nou. Om 07h20 vang Gert Underhay die eerste vis wat hom n klein vlekvrye staal braaier besorg.

11h00: By stasie 1 en 2 naby Kranspoortlaan wemel dit van swartbaar, maar die babers kyk eers die kat uit die boom. Dis besig op die walle vandag en 'n vis kan nie elke smulhappie in die water vertrou nie. Die vissermanne begin ook dink hulle moet ander maniere probeer om 'n vis te vang. (foto links).

By stasie 3 aan die noordelike oewer lyk dit belowend. Die jong manne het al twee stewige babers in die net.

By stasie 4 hoor n mens net die Piet-my-vrou roep en dis al!

15h00: By stasie 5 op die suidelike oewer was al 'n skilpad aan die jongste hengelaar se hoek. Tamo se span het 'n weddenskap aan die gang: Elkeen wat nie 'n baber vang nie, moet 'n rou hoenderhartjie eet. Op hierdie stadium lyk dit asof elkeen die "smulhappie" sal moet geniet.

By stasie 6 dink hulle, hulle moes die professionele manier gevolg het: "Meet die watertemperatuur, bepaal die windrigting, voel die atmosfeer aan en besluit of die visse gaan byt." Maar vandag tel net die gesellige samesyn, belewing van ons Bosparadys en rustig wees. (foto regs). (...hoe nou manne, het die groot een dan nou weggekom? -Red.)

By stasie 7 vind ons Piet Knoetze, die man aan die stuur.

16h00 : Die deelnemers begin by stasie 7 aankom. Vangste moet geweeg word. (foto's onder)

16h30: Die prysuitdeling vind plaas.

Baie dankie vir die mildelike skenkings van ons vrygewige borge. Dit word baie hoog op prys gestel.



1st vis vir die dag:
Gert Underhay



Kleinste vis:
Juvan v Rensburg




1st plek: Nathan v/d Hyde
2de plek: Armand Krugel
3de plek: Arno Krugel



Morgan Corbett wen 'n gelukkige trekking: 'n skildery deur Kokkie Geyer.

Elsabé gesels met Suster Elsie oor hartaanvalle.

Die menslike hart. Daardie lewende orgaan. Dit is eintlik 'n spier wat bloed regdeur die liggaam pomp. Maar die hart is veel meer as dit. Die Bybel noem ongeveer 1000 keer die hart en dit is wat dit hoofsaaklik sê: die



hart is daardie geestelike deel van ons waar ons emosies en begeertes is. Jou hart is dus die deel van jou liggaam wat jy sekerlik die beste wil oppas.

'n Groot getal inwoners is reeds aan die verkeerde kant (of regte kant) van 50, dus mense wie se hart al lang jare moes werk en baie deurstaan het. Die risiko vir hartaanvalle kom sit dan soos 'n raserige brommer iewers agter in jou kop.

Wat is n hartaanval?

Wanneer bloed nie jou hart kan bereik nie, kry jou hartspier nie die suurstof wat dit benodig nie. Sonder suurstof kan die hartselle beskadig word of doodgaan.

Wat is waarskuwingstekens?

Angina (pyn in die bors), kortademheid, sweterigheid, angstigheid en beklemmende gevoel in die bors. Pyn kan ook in die maag, skouers en nek voorkom. Vrouens kan meer nekpyn as mans ervaar, asook pyn in die kakebeen. Hulle is geneig om maagprobleme te ervaar, insluitend 'n omgekrapte maag, naarheid en braking. Hulle mag ook moeg, lighoofdig of duiselig voel. 'n Paar weke voor n hartaanval, mag 'n vrou selfs grieepsimptome hê en slaapprobleme ondervind.


Diagnose en behandeling:

n EKG wat jou hart se elektriese aktiwiteit nagaan, kan dokters help om te sien of jy besig is om 'n hartaanval te kry. Dit kan ook aandui watter aar verstop of geblokkeer is. Proteïne word deur hartselle vrygestel wanneer hulle doodgaan. Dokters kan dus 'n hartaanval diagnoseer met bloedtoetse wat proteïne in die bloed aantoon.

Behandeling: Dokters sal vinnig optree om bloedvloei na die hart te herstel. Toediening van 'n stolsel-oplosser binne drie tot vier uur kan 'n lewe red en die kans vergroot dat die pasient sonder hartskade herstel aldus dr Elwyn Lloyd, 'n Kaapstadse kardioloog. Pasiënte sal waarskynlik 'n prosedure genaamd 'n koronêre angiogram, ondergaan. 'n Dun buisie met n klein ballonnetjie aan die punt word deur die aar gestuur. Dit maak die blokkasie oop deur die plaak teen die wande vas te druk. Gewoonlik plaas dokters 'n klein gaasbuisie, 'n stent, in die aar om seker te maak dit bly oop.

Voorkoming:

- 1) Hou op rook
- 2) Kry oefening. (ten minste twee ure per week)
- 3) Beheer jou gewig
- 4) Eet kos wat min versadigde kosse bevat
- 5) Eet minstens drie keer per week kos wat baie omega-3-vetsure bevat
- 6) Eet meer vrugte en vars groente
- 7) Eet meer veselryke kos
- 8) Ken jou bloeddruktellings. (120/80 is veilig)
- 9) Leer om stres te verwerk en te vemy




Dit is baie belangrik om so vinnig as moontlik by 'n hospitaal of dokter uit te kom as n mens 'n hartaanval kry. Die raad wat ook op WhatsApp gedeel is, is om regop te sit en te hoes.

Bron: Internet Solariteit en Pols tydskrif

Inspirasie, stories en geselsies

Kampvuurstories



'n Kruger Wildtuin storie. (deur Wanda Underhay)

Die noorde van die Kruger Wildtuin staan bekend vir sy groot troppe olifante en buffels. Jy kan vir kilometers ry en geen diere sien nie en skielik om 'n draai land jy amper binne 'n trop van bykans 200 buffels. Gedurende die jare 1982 en 1990 het ons in die Kruger Wildtuin gewerk en gewoon en vele avonture beleef en interessante stories gehoor. Hierdie is een so storie. Of dit waar is, weet ek regtig nie.

Die Parkeraad se vlieënier, kom ons noem hom sommer Tom (by gebrek aan goeie geheue), vertel ons eendag hierdie storie. (Ek kan ook nie nalaat om te noem dat hy 'n befaamde storieverteller is nie). Saam met sy vrou het hy tussen Shingwedzi en Punda Maria gereis. Tom kies die stiller grondpad wat al langs die Mphongolo rivier loop. Halfpad na die Babalala piekniekplek sien hy 'n troppie olifante. Nie baie groot nie, so om en by 20 olifante. Hier volg sy storie, oorvertel in my eie woorde:

Ons ry rustig onder die groot wildevy- en maroela bome al langs die droë loop van die rivier af. Dis 'n warm dag in November. Daar is min voertuie op die pad. Die toeriste-seisoen het nog nie begin nie en meeste besoekers verkieks iedergeval eerder die suide van die wildtuin. Die pad maak so slap draaitjie na regs en daar sien ons die eerste van die trop olifante. Hulle is rustig besig om die pad oor te steek. Dit is 'n trop met koeie en kalfies en ons stop 'n goeie afstand weg van hulle af, skakel die motor af en wag dat hulle verby kom.

Die olifante steur hulle nie veel aan ons nie en drentel kuier-kuier deur die bosse en oor die straat. Een kleintjie is nuuskierig, draf nader, slurpie in die lug om te ruik, ruik na ons kant toe. Groter koeie vreet aan bome langs die pad, swaai 'n poot en stap rustig nader.

Na so tien minute van wag, sien ek daar kom so klein blou karretjie van voor af aan. Stadig, versigtig kom hy nader. Een van die koeie gaan staan in die pad, nie alte gemaklik met voertuie se motors wat dreun nie. Sy kyk ondersoekend na die klein blou gevartetjie, laat haar kop sak en probeer mooi fokus. Die klein karretjie kom stadig nader, seker nou so 30 meter van die trop af.

"Dis nou naby genoeg, gee hulle genoeg plek om rustig oor te stap.." waarsku ek die mense hardop, hoewel hulle sekerlik so 50 meter van ons af is. Por-por-por kom die karretjie stadig nader. "Wat probeer die ou doen?" vra ek my vrou wat saam met my in my voertuig sit. Sy skud net haar kop en staar verbaas na die karretjie. Por-por-por. Die olifante raak onrustig. Die koei in die middel van die pad begin haar slurp swaai, van die ander staan nou ook nader om te sien wat aangaan.

Tussen die olifante deur, kan ek die bestuurder vir 'n oomblik sien. Hy lyk na 'n ouerige man met 'n bril. Hoed op. Alleen in sy voertuig. Hy kyk links en regs in die bosse, asof hy iets daar soek. "Dalk het hy op die WildtuinApp gehoor dat hier leeus naby is, nou soek hy", lig my vrou haar mening. "As daar was is hulle lankal weg...", antwoord ek, vies vir toeriste wat nie die natuur respekteer nie. Por-por-por. "Haai ou! Stop! Jy gaan in die trop inry, wat maak jy?!", roep my vrou nou ontsteld uit. Hy is nou seker so 3 meter van die naaste koei af. Sy staan gelukkig nie reg voor die aankomende kar nie, eerder bietjie meer aan sy regterkant, maar ek sien 'n groter koei wat reeds oor die pad geloop het en moontlik 'n groter gevær kan inhoud. Sy het omgedraai en staar nou terug

na die karretjie, haar spene vol melk. Langs haar staan 'n kalfie wat nie ouer as 2 maande kan wees nie. Haar houding dreigend.

Por-por-por. Hy is seker so 30 meter van ons af. Tussen ons beweeg 6 of 7 olifante oor die pad. Nie meer so rustig nie. Van die kalwers begin hardloop en nog 'n koei het gaan staan en staar die karretjie aan. Die groot koei laat haar kop stadig sak, slurp op die grond, ore wyd oopgesprei, om haar groter te laat lyk.

Por-por-por. Hy is nou tussen die olifante, die groot koei staan steeds doodstil, asof verbaas. Stadig ry hy, skaars 3 meter voor haar verby, maar sy pad is nog nie oop nie; daar is steeds so 4 olifante tussen ons en nog so paar wat wag om oor te stap.

'n Jong bulletjie skrik vir die blou gevaarte wat skielik tussen hulle verskyn. Hy gee 'n kort, harde trompetter en laat spaander oor die pad en tussen die bosse in. Die skielike waarskuwingsroep het van die ander ook laat skrik en meer begin nou hardloop. Ons kan die karretjie vir 'n oomblik glad nie sien nie."Hulle gaan hom trap!", roep my vrou verskrik uit en gryp met albei hande aan die voorste paneel vas, oë op skrefies om beter te kan sien.

Dan kom daar 'n opening tussen die olifante, meeste is nou oor die pad. Tussen hulle kan ons nou weer die karretjie sien. Por-por-por. Die bestuurder het ons nou gesien en waai vir ons en wys ons moet wag. "die ou is nie lekker nie...", lug my vrou haar mening.

Die groot ou koei het skielik besluit sy het nou genoeg gehad van hierdie ding tussen hulle. Sy lig haar voorpoot, swaai dit so twee keer, swaai haar kop en slurp en begin hardloop. Slurp nou hoog gelig, trompetter sy haar waarskuwing, agter die stadig bewegende karretjie aan. My vrou gee 'n klein gilletjie en druk haar kop onder die voorpaneel in. Dan stop die koei skielik in 'n groot stofwolk, omtrent 'n meter van die karretjie af. Met een harde blaas stuur sy 'n stofwolk oor die karretjie, draai om en stap iesegegrimmig weg na haar kalf toe en agter die trop aan.

Por,por,por, kom die karretjie na ons toe. Ek tik aan my vrou; "Kom uit daar, dit moet jy sien.." por ek haar tot normaliteit en draai solank my venster oop. Die karretjie trek langs ons in. Onder sy hoed, kyk twee piercing groot oë, deur vergrootglas brillense, na my. "Môre" groet ek vriendelik-verstom. Hy is sekerlik iewers tussen 75 en 80 jaar oud. Klein van postuur en effens bewerig. "Good morning, sir," groet hy met 'n swaar Britse aksent. En sy volgende woorde, sal ek vir die res van my lewe saam met my dra.

"I say... have you seen any elephants today?"

Kwêvoël (met sy tong in die kies)

Saangestel deur die Kwêvoël

En toe word daar mos een nag 'n voertuig gesteel in onse paradys. Die baas van die plaas was glo kwaad, soos in smoorkwaad, want sy geliefde het mos seker weer die sleutel ingelos. Ons vlieg toe maar die hele dorp vol om te soek. Kameras by die hek ook bekyk, maar helaas, die kar is nie by die hek uit nie. En so waar as vet! Die kar staan iewers by iemand in die erf. Onse Kranspoort polisie gaan vra toe wat gaan dan nou aan. Sal die man sê, maar die baas van die kar het hom die vorige aand gebring want hy moet gediens word!!!

Weet julle wat?? Die baas en sy geliefde kan glad nie onthou dat hulle die tijorie daar gaan los het nie. Hêhêhê, ek lag te lekker in my vlerk....



Weet julle van die vrou wat in die middel van die winter met 'n blik olie binne-in hulle swembad geväl het? Dit was glo 'n hengse gemors want sien dit was 'n oop blik olie. Siestog, haar ego het 'n erge knou weg!

Noudat dit weer lekker warm word is die peste ook meer. Die muskiete is weer hier! Weet gladnie hoekom word dit muskiete genoem nie, want hulle skiet altyd raak!

Hier hol deesdae sulke snaakse goed rond met gestreepte bandjies om hulle magies. Almal dink hulle is te oulik totdat die gediertes onder hulle fondasies begin ingrawe. Nou jaag die mense hulle weg! Ons is nogal bly want hulle eet ons hoendertjies se kinders op.

Ek sit mos nou die dag te lekker en eet. Die volgende oomblik vlieg die tannie van die huis, wat op die stoep met haar blikbrein gespeel het, op met 'n vreeslike geraas! Daar het sowaar 'n perdeby voor by haar hals ingevlieg en haar twee keer op 'n baie teer plekkie geklits! Die oom van die huis het so gelag dat hy amper op die matjie voor die deur moes slaap!

'n Ander tannie sit mos nou die dag 'n hoender in die pot en gaan loop toe rond. Met die oom se tuiskoms dog hy die huis is aan die brand! Die kos was tot as verbrand. Hulle moes dae lank skrop om die reuk uit te kry. Ai, oud word is nie vir sissies nie!

Pasop, ek hou julle dop!!

Pitkos (deur Karin Kooyman)

Wat is die klein dingetjies in Kranspoort.....

Wanneer jy Kranspoort binne, is daar 'n bordjie "Dis die klein dingetjies wat tel". Die slak wat langsaam van een plantjie na 'n ander beweeg, die erdwurm wat tussen jou vingers deur terugkruip na die vrugbare grond waarin jy gesit en woel het, die geel, wit en bont vlinidertjies wat om die halfmense 'n dansie uitvoer terwyl jy die plante water gee. Die bloukop- koggelmander wat skaam van agter die boomstam vir jou loer.

Ons Kranspoorters sien en geniet hierdie klein dingetjies. Akkedissies is welkom op jou stoep, bye mag maar bzzzz terwyl jy onder 'n boom sit en lees. Toe jy gekies het vir Kranspoort, het jy ook gekies vir hierdie klein dingetjies.

Maar daar is ook ander, ewe belangrike klein dingetjies, wat jou dag spesiaal maak. 'n Vriendelike groet van 'n onbekende tydens 'n wandeling. 'n Blommetjie van 'n nuwe vriendin om te sê: ek hoop jou dag is mooi. Die sage blik en vriendelike glimlag van die gryskop tannie wat vir jou "môre Hartjie", sê as jy in die stofpaadjie na die kerkdeur loop.

Die klein dingetjies is dikwels die begin van groot dinge.....'n mooi vriendskap, 'n stap- maatjie, 'n sielsgenoot wat jou liefde vir die natuur, vir die klein dingetjies deel.

Al die klein dingetjies van Kranspoort, van insekte en koggelmanders tot 'n vriendelike glimlag, maak Kranspoort die paradys waarin ons woon. Laat ons hierdie klein dingetjies elke dag vashou, bewonder en vertroetel, want ons het klein dingetjies nodig om die werklike groot dinge te waardeer.

Soos Markus Zusak gesê het: Groot dinge is dikwels net klein dingetjies wat raakgesien word.

It is the little things that are vital. Little things make big things happen. – John Wooden

It's a tough life, but it is the little things that take us through the day. – Jeffrey Deaver

I've learned that it's the little things that help make us and when we look back on them, remind us how blessed we truly are

Kranspoorters sê hulle sê (vervolg)

Ansie van Rensburg: Ware vreugde is om weg te wees en terug te kom na ons paradys toe.....dit voel soos 'n ysterhand wat sy greep op jou hart verloor, en dan die saligheid om tuis te kom! Ek skakel dadelik die boorgat aan en spuit nat, Kwêvoël kom sit in die naaste boom en sprei sy vlerke. Hy wag vir sy natspuit, en raak skoon laf as die fyn sproeimis op hom neerdaal. Dis my vreugde: om die voëls te bederf. Kranspoort se sukses lê in sy mense, hartlike, eerlike en liefdevolle siele.....almal van julle! Ek is hartstogtelik lief vir die plek.

Anoniem: Einstein het eenkeer gesê as jy iets nie op 'n eenvoudige manier kan verduidelik nie, dan verstaan jy dit doodeenvoudig ook nie self nie.

Net so is dit met die klein dingetjies in die lewe. Langs Kranspoortrylaan is daar 'n bord of twee wat sê dat dit die klein diertjies en reptiele is wat tel en dat ons vir hulle moet uitkyk.

Maar ek sou sê die klein dingetjies wat regtig tel, is woorde soos respek, begrip, omgee en empatie met ander. Gee ons werklik vir mekaar om, wat nog te sê van die klein diertjies? Doen ons werklik moeite om mekaar by te staan, of stuur ons maar net 'n WhatsApp of een van daardie mooi geestelike boodskappies waarvan daar tog so baie is, en dan het ons, ons deel gedoen om iemand op te beur wat swaarkry? Ons het mos nou gewys ons gee om, nie waar nie?

Is ons ook werklik dankbaar en besef ons wat dit beteken dat ons in 'n feitlik homogene samestelling hier in Kranspoort is met baie min "volksvreemdes" - as ek Oubaas van 7de Laan se woorde mag gebruik?

Besef ons wat dit regtig beteken dat ons in ons eie moedertaal kan praat met mense rondom ons? Dat ons self ons eie dienste lever, dat ons na onsself omsien met 'n baie klein heffing om te betaal. Of is ons regtig so blind dat ons dit nie kan raaksien nie en nog steeds voortgaan om onmin te saai en ons plek af te breek en reëls moedswillig te verontsaam of onsimpatiek teenoor ander op te tree? Waar kry jy nog so 'n mooi plek soos Kranspoort? Maar hier is die vraag: Reik jy werklik uit na jou sielsgenote reg rondom jou? Of is jy een van die wat nie eers weet wie jou bure langs of oorkant die pad is nie en glad nie met hulle kontak het nie? Ja, ons is baie vriendelike mense, ons waai vir karre wat by ons verbyry in Kranspoort, al kan ons in die meeste gevalle nie eers sien wie in die ander kar is nie. Maar ja, ons waai, ons is mos vriendelike mense op Kranspoort.

Ek het jare gelede 'n bestuurder gehad wat, nadat hy 'n kursus gedoen het, die raad daar gekry het om vir elkeen van sy sowat honderd mense onder hom 'n verjaarsdagkaartjie te stuur. Dit sou glo wys hy is 'n mense-mens en gee om vir sy mense. Sy sekretaresse het dan op elkeen se verjaarsdag die bode gekry om die koevertjie met die kaartjie in, te gaan aflewer by elkeen se werkplek of kantoor. Ek kry toe myne op my verjaarsdag, maak die koevertjie oop, lees dit, skeur dit op en gooi dit in die asblik. My sekretaresse sien dit en spoeg amper haar valstande uit oor die ongeskikte ding wat ek so pas gedoen het. Maar hoekom nie.? Ek was al in 'n bestuursvergadering saam met hom dieselfdeoggend en het hom daarna ook al in die gange raakgeloop maar hy weet nie ek verjaar nie. Daardie kaartjie beteken niks nie. As hy werklik omgee het sou hy vir sy sekretaresse gevra het om hom, elke dag as iemand verjaar, te laat weet. Sou dit nie meer omgee gewys het as hy na my kantoor gestap het of my gebel het of selfs uitgenooi het na sy kantoor vir 'n koppie koffie saam met hom nie?

Kom ons hoop nou maar ek het Einstein se toets van eenvoudige verduideliking geslaag en hopelik gaan ons meer moeite doen om die klein dingetjies te doen om mekaar beter te leer ken en mekaar beter te ondersteun waar dit nodig is en nie net met 'n mooi WhatsApp nie.

Advertensies



Bioway Multi insect & Dustmite killer



Kranspoorters,

Teen die tyd weet meeste van julle al van BIOWAY MULTI INSECT AND DUSTMITE KILLER. Hier is meer inligting daaroor:

Dis 'n produk wat GEEN gif bevat wat diere of voëls of mense kan skade aandoen nie. Gebruik selfs op plante en jouself ook. Dis langwerkend: nuwe gebruikers spuit dit 1 x pw vir 3 weke na mekaar, daarna is dit eers weer nodig 3-4 maande later. Produk trek in oppervlaktes in soos bv teël vloere en bly aktief selfs na vloere gewas is. Gebruik op klere in kaste, beddegoed, stoffering, matrasse, matte, gordyne en selfs in koskaste. Dis die enigste produk wat stofmyte doodmaak wat vir sinus en asma verantwoordelik is. Karoo skaapboere gebruik dit op hul skape wat brandsiek kry agt myte. Die produk is reukloos en vlek nie materiale of meubels nie. Na die reën en hittegolwe gaan ons nou behoorlik las hê van insekte, so julle is welkom om my te kontak as julle belangstel om aan te koop.

Ansie van Rensburg - Elandsingel 358

Kranspoort dames!

Kom sluit gerus by ons oefenklas aan, Dinsdae en Donderdae in Raasblaar saal. Wintertyd 9:00 - 10:00. Slegs R200 pm vooruitbetaalbaar voor die 7e van elke maand. Ons het n wye verskeidenheid oefeninge, bv Joga, Kallenetics, Pilatus, balle, gewiggies, stokke en rekke. Geen vervelige klas nie! Alle ouderdomme en groottes is welkom. Groete Ansie van Rensburg



DIE VOLGENDE DIENSTE IS OOK BESKIKBAAR

STUUR
KONTANT



BETAAL
REKENINGE



KONTANT
ONTREKKING



LUGTYD



PREPAID
KRAG



RICA
SIMKAARTE




**BESTELLINGS VIR KOEKE,
TERTE EN KLEIN KOEKIES KAN
BY ONS GEPLAAS WORD**

073 898 7174 - David

073 282 7174 - Anthony

kudusminimarket@outlook.com

Voorstelle van nodige produkte word aanvaar vir bestellings



Maandae - Vrydae: 06:00 tot 18:00

Saterdae: 07:00 tot 18:00

Sondae: 08:00 tot 12:00



ONS VERKOOP

- ✓ Groente & Vrugte
- ✓ Koeksisters
- ✓ Verskillende vleissoorte
- ✓ Mopanie & Sekelbos hout
- ✓ Gesuiwerde Water
- ✓ Gas Bottels



Bestel jou gunsteling tydskrif enige tyd

Onthou: Kranspoort Kersmark: 10 Desember



Scan vir adres en meer inligting

go2 Venues
FOR EVENTFULL MEMORIES

go2 Steakhouse
GOOD FOOD • GOOD FUN • GOOD VIBES
Familie Restaurant

- Top restaurant
- Heerlike disse
- Gereelde live shows
- Kroeg
- Kinders welkom
- Veilige speel parkie
- Skoon badkamers
- Plaas winkel
- Ope Lug dek



go2 Beach House
A FUN BEACH - IN YOUR REACH
Ideaal Vir:

- Spanbou
- Herdenkings
- Familié samekomste
- Herdenkings
- Jaareind funksies
- Verjaarsdae
- Bachelors & bachelorettes



go2 Chalets
GREAT STAYS • AFFORDABLE • COZY CHALETS

Akkommodasie

- Twee en vier slaapeenhede
- 9 selfsorg Chalets
- lugreeling
- Tent & Kampeerterrein
- Swembad
- Ablusie geriewe
- Woonwa-Terrein
- Braigeriewe



Oop 6 dae per week - Maandae gesluit
09H00 TOT LAAT - BIKERS WELKOM

RUSTIGE ATMOSFEER • GROOT PARKER AREA • TUISNYWERHEID • SWEMBADDENS & SPRINGKASTELE

BFD se advertensie